Nuusbrief 170
31 January 2011

Beste Lid

SAWPA STREEKS VERGADERINGS

Die geskeduleerde datums vir die eerste rondte vergaderings is as volg:

7 Maart 2011 –	Gauteng Streek	14 Maart 2011 –	KZN Streek
9 Maart 2011 –	Limpopo Streek	18 Maart 2011 –	Suid/Oos Kaap
11 Maart 2011 –	Mpumalanga Streek	28 Maart 2011 –	Wes Kaap

Die vergaderings sal almal om 10:00 begin. Finale vergaderplekke sal binnekort gekommunikeer word.

INDUSTRIE VERWANTE VERGADERINGS

'n NRVS vergadering is geskeduleer vir 9:00 tot 11:00 op die 16de Februarie 2011 by die SABS kantore in Groenkloof, Akasia, A Blok, 8ste Vloer. RSVP asseblief by Manana Makgahahlela by 012 428 6377 of makgahmc@nrcs.org.za indien u die vergadering wil bywoon. SAWPA (Bruce) sal die vergadering bywoon en sal ook terugvoer gee aan die lede in 'n volgende nuusbrief of by die streeksvergaderings (vir die wat nie self kan bywoon nie).

Agenda punte vir bespreking is; NRVS agtergrond, mandaat en nuwe regulasies t.o.v. die NRVS Wet wat teen die einde van 2010 gepubliseer was, asook die administrasie van VC9092 goedkeurings en mark waarneming. Te oordeel aan terugvoer van die NRVS dien die vergadering ook as bekendstelling van die nuwe algemene bestuurder aan die bedryf (Mnr. Thomas Madzivhe is nie meer aan die hoof van die afdeling nie), en as deel van die kwartaallikse terugvoering soos by vorige vergaderings ooreengekom. Kontak asseblief vir Sue indien u meer inligting i.v.m. die agenda verlang.

Die SABS TC 218 Houterduursamingsvergadering vind plaas op dieselfde dag vanaf 12:00 by die SABS. Die vergadering sal handel oor onder andere moontlike wysigings t.o.v. penetrasie- en retensie vereistes van kritieke eind verbruik produkte, i.e. utiliteit pale en wingerdpale, behandelingsprosesse en ook die toekoms van sekere SANS 1288 produkte soos H3Y4 tuinpaaltjies en aldoelpale. Indien u nie 'n lid van die tegniese komitee is nie en u wil graag die vergadering bywoon, moet u asseblief vir Anna Maepa kontak by 012 428 7073 of maepama@sabs.co.za om 'n P-lid (stemreg) of O-lid (waarnemer) te word. Waarnemende lede mag deelneem aan die bespreking sowel as kommentaar lewer wat deur die tegniese komitee in ag geneem moet word.

2010 STATISTIEKE

Dankie, aan almal vir hulle samewerking met die sertifiseringsliggame in die samestelling van die 2009 statistieke. Dit het langer geneem as aanvanklik beoog maar die rede daarvoor kan toegeskryf word aan die feit dat dit die eerste keer is dat die werklike gedokumenteerde volumes gebruik was, wat logisties meer insette verlang i.p.v. soos in die verlede toe die statistieke op chemikalie verkope gebaseer was. SAWPA beoog om die 2010 statistieke voor die einde van die eerste kwartaal te publiseer en het reeds met die sertifiseringsliggame geskakel. Ons wil weereens 'n versoek rig aan die bedryf vir julle samewerking in die opsig en wil die versekering gee dat die individuele data van aanlegte deur die SABS of SATAS geïn, nie na SAWPA gestuur word nie, maar saamgevoeg word in totale vir beide sertifiseringsliggame se merkhouers voordat dit aan SAWPA oorhandig word. Sodoende word totale konfidensialiteit van individuele aanlegte se inligting verseker.

GEBRUIK VAN SERTIFISERINGSLIGGAAM HANDELSNAME EN HANDELSMERKE

'n Houthandelaar was onlangs genader oor die moontlike misbruik van SABS handelsmerk en/of handelsnaam op sy webtuiste en gevra om dit te staak. Ons het dit goedgedink om lede in te lig oor wat wel, en wat nie, toelaatbaar is t.o.v. die gebruik van die handelsmerke en name. Die "**SABS"** of "***SATAS"*** handelsname is slegs vir die gebruik van die instansies en kan slegs deur ander gebruik word met hulle spesifieke goedkeuring.

Die handels-/kwaliteitmerk" mag slegs gebruik word deur merkhouers van die betrokke instansie. Die merk mag slegs op produkte gebruik word waarvoor die merk toegeken is en mag ook op briefhoofde en bemarkingsmateriaal gebruik word, maar moet duidelik aandui dat dit van toepassing is op produk/-te waarvoor die maatskappy gesertifiseer is. Met ander woorde, die indruk mag nie geskep word dat die merk van toepassing is op produkte waarvoor die maatskappy nie gesertifiseer is nie. In ons bedryf se geval sal dit nie 'n probleem wees nie aangesien alle behandelde hout in Suid-Afrika aan die SANS-standaarde moet voldoen en 'n sertifiseringsmerk dra.

Houthandelaars en afsetpunte (depots), wat nie die regsentiteit is wat gesertifiseer is nie, mag nie die SATAS- of SABS-merk of handelsmerk op enige bemarkingsmateriaal bv. webtuistes, advertensieborde, pryslyste en gedrukte advertensies gebruik nie. Handelaars mag egter 'n stelling maak wat daarop dui dat die hout wat hy verkoop wel SABS of SATAS goedgekeur is. Hier volg 'n lys voorbeelde wat gebruik kan word:

- "Verskaffer van SATAS of SABS goedgekeurde behandelde hout (Handelaar wat slegs by een merkhouer of merkhouers van dieselfde sertifiseringsliggaam aankoop),
- "Verskaffer van SABS en SATAS goedgekeurde behandelde hout" (handelaars wat van merkhouers van beide sertifiseringsliggame aankoop);
- Verskaffer van hout wat voldoen en goedgekeur is volgens Nasionale en/of Verpligte Standaarde.
-

Ons advies aan lede is dat hulle alle handelaars of afsetpunte wat hulle produkte aanhou in kennis stel om eers die betrokke sertifiseringsliggaam te kontak vir goedkeuring indien hulle enige verwysing na handelsname wil gebruik in hulle bemarkingsmateriaal.

LYCTUS AKTIWITEIT

Dit wil voorkom of daar a.g.v. die gunstige omgewings toestande 'n toename in *Lyctus* (powder post beetle) aktiwiteit in gedroogde onbehandelde bloekompaalvoorraad is. Lede word daarop gewys om meer bedag te wees gedurende paalgradering, aangesien *Lyctus* geïnvesteerde hout nie toelaatbaar is vir behandeling volgens SANS 457-3 nie. Sien asseblief aanhangsel E van SANS 457-3 vir onderskeiding tussen *Lyctus* en *Ambrosia* skade.

NUUS BROKKIES

- **WPA (Hout Beskermings Vereniging VK) veg vir Kreosoot – Ontwikkelinge in Europa:** Die WPA nuusbrief van 18 Januarie bevat 'n mediaberig insake 'n veldtog om EU regulasies te voorkom wat die einde van kreosoot as industriële houtverduursamingsmiddel kan beteken. Kreosoot se toekoms hang in die weegskaal na 'n onbesliste stemming deur EU regeringsliggame verlede maand. Die hoeveelheid stemme benodig vir 'n kwalifiserende meerderheid is 255, maar daar was 'n tekort aan 36 stemme. Die uiteinde hiervan is dat die besluit oor kreosoot se toekoms in Europa nou na die Europese Raad en dan moontlik na die Europese Parlement moet gaan vir uitsluitsel. Volgens die WPA kan die proses nog ten minste 6 maande duur.

- **Chroom bevattende houtverduursamingsmiddel staar onbekende EU regulatoriese toekoms in die gesig:** Die WPA nuusbrief van 26 Januarie bevat 'n mediaberig oor wat agter

die beweging sit om die Verenigde Koningryk chroomvry te maak sovêr dit verduursamingsmiddels aangaan, asook hoe die skuiwergat, wat toelaat dat behandelde hout wat chroom bevat ingevoer kan word, gestuit sal word te midde van naderende regulasies. Terwyl die HSE (Health & Safety Executive) in VK chroom as 'n aktiewe bestanddeel ag en by die standpunt staan, ignoreer sommige ander EU lidlande hierdie standpunt en aanvaar chroom as 'n fikseermiddel onderworpe aan spesifieke EU Regulasies.

- Gedurende Desember 2010 was daar 13051 besoek by die SAWPA webtuiste.

Kontak gerus die SAWPA kantoor indien u afskrifte van die bogenoemde WPA nuusbriewe en berigte wil bekom.

ARBEID WETSONTWERPE VIR KOMMENTAAR

Te danke aan Bosbou Suid-Afrika wil ons graag ons lede bewus maak van vier nuwe arbeid verwante wetsontwerpe (kennisgewing nr. 1112 van 17 Desember 2010) wat onlangs bekend gemaak is vir kommentaar teen die 17de Februarie. Die wetsontwerpe is:

1. Arbeidsverhoudinge Wysigings Wetsontwerp
2. Gelyke Indiensneming Wysigings Wetsontwerp
3. Basiese Indiensneming Voorwaardes Wysigings Wetsontwerp
4. Indiensneming Dienste Wetsontwerp

Die bogenoemde Wetsontwerpe is omstrede in die sin dat indien dit deurgevoer word:

- Oortreding van die wette as strafbare oortreding geag sal word;
- Boetes vir nie-voldoening dramaties sal styg en strafbaar sal wees;
- Werkgewers sal alle werknemers op 'n permanente basis moet aanstel, TENSY hulle die gebruik van vaste termyn kontrakte aan die Departement kan regverdig;
- Arbeidsmakelaars sal basies "uit" 'n voortbestaan gereguleer word;
- Die definisies van werknemer en werkgewer sal verander – 'n Arbeidsmakelaar kan nie die werkgewer wees vir iemand wat hy namens 'n kliënt plaas nie;
- Gelykheid Regulasies sal strenger toegepas word;
- Die Staat sal direk betrokke raak by die Indiensnemingagentskap bedryf deur die daarstelling van 'n "Diens vir Publieke Indiensneming"
- Die privaat sektor sal onder verpligting wees om die DPI met sekere inligting te verskaf.

Die Wetsontwerp, in sy huidige vorm, sal 'n aansienlike impak op indiensneming hê. Die fokus is op die teenwerking, van wat gesien kan word as bedreiging van werkers se welstand a.g.v. die groeiende tendens om tydelike werk te skep, deur die regulering van kontraktering, sub-kontraktering en arbeidsmakelaar aktiwiteite. Alhoewel dit wil voorkom of die Departement dink die Wetsontwerpe tot "billike werk vir almal" sal lei, sowel as groei in indiensneming (en kompetisie) deur die voorwaardes van die Indiensnemings Dienste Wetsonwerp, word dit gesien dat inplaas daarvan om werkgewers aan te moedig om meer permanente werkers aan te stel, hulle presies die teenoorgestelde sal doen.

Bosbou Suid-Afrika het 'n amptelike reaksie (konsep) opgestel wat hulle aan SAWPA beskikbaar gestel het. Ons ondersteun FSA se voorlegging en beoog om ons volle ondersteuning vir FSA se voorlegging aan die departement deur te gee. Kontak asseblief vir Sue indien u afskrifte van die wetsontwerpe, FSA se opsomming van die Wetsontwerpe of hulle konsepvoorlegging, wil bekom.

Groete
BRUCE BREEDT
SAWPA aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige stellings wat in die nuusbrief gemaak is nie.